

KOERSVAS


Jaargang 2 Uitgawe 40 23 Mei 2014

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Nuusbrokkies

Kennisgewings



REDAKSIONEEL

Carpe Diem

Hierdie wekroep om die dag aan te gryp, het algemene gebruik geraak na die aanhaal van die frase in die fliet, "*Dead Poets' Society*". Die filosofie daaragter is so oud soos die mensdom. Nie alle mense hou daarby of oorweeg dit nie. Dit is jammer. Die Bybel moedig ons aan om ons brood op die water te werp, om "kanse te saai" soggens, in die middag en aand. Jy weet nooit watter saad ontkiem nie. Jy weet nie eens wat die dag van môre gaan bring nie.

Natuurlik moet ons deeglik beplan en seker maak dat ons verantwoordelik lewe. Dieselfde Prediker herinner ons daaraan dat ons aan die einde van ons lewens aan God verantwoording gaan moet doen. Hierdie gedagte sny diep. Ons gaan voor die Regterstoel staan en verantwoording moet doen vir ons lewens. **Elkeen vir sy en haar eie lewe.** Vir ons doen en late, met ander woorde vir dit wat ons gedoen het **EN** dit wat ons nie gedoen het nie.

Nou is daar soveel mense wat lewe in die verwagting dat alles vanself gaan regkom. Hulle maak geen keuses nie. Hulle laat

ander vir hulle kies. Hulle grootste inset is om te kla of op foute te wys. Indien dinge nie regkom nie, sit hulle en wag en hoop dat dinge sal regkom. Op hulle pos, soos die orkes van die Titanic.

Volgens diegene is die enigste denkbare alternatief om te fokus op dit wat nog reg loop. Hul kla oor die slaggate in die pad, maar indien niks gebeur nie, bewonder hul die inisiatief van diegene wat iets probeer doen (soos bome plant in die slaggate) of hul fokus op diegene wie se omstandighede slegter is en sê dan "dit gaan darem nie so sleg hier by ons nie".

Hul kla oor die probleme in die Kerk en probeer iets doen of hulself te troos deur briewe te skryf en dit te noem by vergaderings of om die dominee 'n oorvol te gee. As dit nie werk nie, is daar altyd die troos dat dit darem nie hier so sleg gaan soos in die of daardie kerk nie, "of in ons gemeente gaan dit nog goed", ons kan ons hande in onskuld was. Intussen bou die gif in die Kerk op en iemand anders maak keuses wat onstuitbaar op 'n ramp afstuur.

Die ondenkbare alternatief is skynbaar 'n rede tot woede of hartseer.

Diegene wat byvoorbeeld die land verlaat het, word bangbroeke genoem en daar word sleg gepraat van hulle, dit terwyl hulle gesinne hartseer verlang en net so nou en dan kan gaan kuier.

Die Bondslidmate weer word vir alles wat sleg is, uitgekryt. Intussen was dit 'n keuse wat hulle nie anders kon as om te maak nie. Dit verg moed om dit te verlaat waaraan jy so hard gebou het. Dit kan net nie anders nie. Die keuse lê tussen getrouheid aan God en lojaliteit aan menslike instellings.

Die alternatief is om ongelukkig te wees in 'n instituut waarvan jy self die menslike foute kan sien. Ons kan nie almal die land/kerk verlaat nie, al wens die huidige magshebbers skynbaar ons wil. Waar jy woon, is eintlik 'n middelmatige saak indien dit vergelyk word met geloof en die kerk waaraan jy behoort.

Waarom bly in die Kerk wat jou meer rede gee tot kritiek as geleentheid tot aanbidding? *"Ek is gebore Hervormer en dit gaan goed hier by ons"*, is 'n volstruis beleid wat geen vreugde kan bring nie. Dink jy vooruit of dink jy net aan jouself en aan vandag?

Daar is een van twee keuses oor: Maak vrede met die **nuwe bevrydingsteologiese** pad wat die NHKA nou loop en hou op kla,.....of klim uit. Maak die bewuste keuse om te bly of te ry. Dit is sinneloos om vir eendag te wag. Vir diegene wat 'n streep in die sand getrek het, het jy al jou streep geskuif? Na die NHKA se 70e AKV het die Bond binne ses weke met sewentien gemeentes gegroei. Sewentien groepe wat die dag aangegryp het, wat besef het skuif is die sinvolle opsie. Die bond bestaan nou uit 30 gemeentes. WAARVOOR WAG JY?

Kies en staan daarby. Wie weet watter saad sal opkom.

NUUSBROKKIES

Bloemfontein gemeentenuus

Nadat die gemeente op 1 Desember 2013 sy eerste erediens in 'n begrafnisondernemer se kapel gehou het en dit te klein was, het ons tot verlede Sondag (11 Mei) kerk gehou in die saal van die NG Gemeente Fichardtpark. Vanaf Sondag 18 Mei 2014 vind ons eredienste plaas in die kerkgebou van die APK Bainsvlei om 11:30. Ons is veral opgewonde om weer met orrelbegeleiding te sal kan sing. Die gesindheid van die APK teenoor ons is 'n riem onder die hart.

Adres kerkgebou:

Kerkgebou AP Gemeente Bainsvlei
H/v Elias Motsoaledistr en Topsy
Smithlaan Langenhovenpark

GPS-koördinate **29° 06' 05.35" S**
26° 09' 49.72" E



Bondsvergadering:

- Die agenda word hierdie week versend saam met die aanhegels. Afgevaardigdes is welkom om die agenda in elektroniese formaat na die vergadering te neem.
- Lidmate en ampsdraers wat as waarnemers na die vergadering wil gaan, is welkom om so te maak. U word versoek om u besonderhede aan ds Marais deur te gee sodat die agenda aan u gestuur kan word en daar vir u ruimte geskep kan word.

- Lidmate wat kan help met gratis huisvesting vir afgevaardigdes moet u besonderhede deurstuur na dr Otto.
- Die Susters kom op die tweede dag van die Bondsvergadering byeenkom (DV Maandag 9 Junie 2014). Alle belangstellendes is welkom.

Inbetalings: Lidmate en gemeentes wat inbetalings maak in die Bond se bankrekening, moet alle besonderhede van die transaksie, insluitende datum en waarvoor die geld geormerk is, aanstuur na ons kassier, ouderling Tom Greeff. tomcases@lantic.net.

BANKBESONDERHEDE:

Naam: GHG (Geloofsbond van Hervormde gemeentes)
ENB Eerste Nasionale Bank van Suid-Afrika
Rekeningnommer: **6243 092 3088**
Takkode: **250 655**

KENNISGEWINGS

• **Bybelvasvrae:**

Bybelkennis is onvervangbaar. Die Woord van God moedig ons deurlopend aan om die Woord te bestudeer en dit te oordink. Psalm 1: 1 & 2 sê: *“Dit gaan goed met die mens ...wat in die Woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink.”* Ontvang hiermee die nodige inligting met betrekking tot die Bybelvasvrae vir 2014. Bestek:

Die briewe van Johannes. (1; 2 & 3 Johannes)

Heidelbergse Kategismus– Sondag **1 tot 8.**

Pretoria se gemeentes hou hulle vasvrae 10 Augustus 2014.

Drukwerk:

Paul en Ella help graag met:

Gemeentekalenders	R 7.55
Verlofregister	R22.50
Kwitansieboeke	R15.35

Offergaweboeke	R6.20
Dames se kwitansieboek	R13.15
Konsistorieboek	R20.30

ella@teamworkprinters.com

Theresapark Gemeente (Geloofsbond van Hervormde Gemeentes) bied aan - **FEES VAN DIE VLEISETERS.** **Saterdag 31 Mei vanaf 16:00** op die kerkterrein h/v Springboklaan en Crocodileweg, Theresapark. Kaartjies kos R120 per volwassene, R60 vir laerskoolkinders en voorskool is gratis. Kom smul aan heerlike skaap en vark op die spit, wildspastei, sosaties en wors, hoenderpastei en heerlike bykosse soos varsgebakte brood. Skakel om u sitplek te bespreek .
012 542 3568 / 073 099 3699.

Stuur u gemeente se **kennisgewings en nuusbrokkies** na j.otto@telkomsa.net vir opname in die volgende Koersvas.

Vir aandag:

Alle GHG dames en Damesverenigings

U word uitgenooi na ons dames konferensie. Die doel van die byeenkoms is om onderlinge kommunikasie te bewerkstellig en mekaar te ondersteun.

PLEK: Gemeente Theresapark

DATUM: Maandag 9 Junie 2014.

Tyd: 08:00 – 12:00

Uitnodigings, reeds uitgestuur, kontak Yvonne van der Merwe voor Dinsdag 10 Junie 2014.

Vir verpakkingsmateriaal, spyseniering en skoonmaakmiddels vir funksies en skole, skakel **MW PACKAGING**
018 381 1494.

PREMIERMYN HERVORMDE KERN

Buitewyk-Fondsinsameling

Wen 'n mini-BOERDERY

U staan 'n kans om 'n mini-BOERDERY te wen deur 'n kaartjie te koop vir R100-00. Die opbrengs van die projek is ten bate van Premiermyn Hervormde Gemeente, Cullinan.



Die mini-BOERDERY bestaan uit drie jong Nguni verse en 'n jong Nguni bul.

Die wenner van die mini-BOERDERY mag ook vra dat die vier Nguni beeste op 'n veiling verkoop kan word. Die bedrag wat vir die beeste gekry word is dan ook die kontant bedrag wat die wenner sal kry.



Die trekking sal op 16 November 2014 na die erediens onder toesig van die Ouderlingevergadering geskied, waarna die gelukkige wenner telefonies in kennis gestel sal word.

Kontak Hans 084 581 2905